

Ondersteuningsdienste en akademiese programme - Die skakel

Beplanning en kwaliteitsversekering het oor jare heen onafhanklik van mekaar ontwikkel maar in praktyk sluit dit uiteindelik bymekaar aan in alle organisasies; so ook in die universiteitswese.

Deur sinvolle beplanning kan alle rolspelers in die universiteit presies sien wat in die nabye toekoms lê. Beplanning is onder meer belangrik om sinvolle besluitneming te ondersteun. Op dié wyse word daar onder meer gepoog om personeel se verbintenis tot en begrip vir eienaarskap van prosesse, produkte en/of dienste te verseker. Om sinvol te kan beplan met die oog op die toekoms moet elke rolspeler, hetsy 'n eenheid of 'n individu aan die universiteit, egter eers bepaal wat die status tans is. Vir dié doel is kwaliteitsversekering van groot belang.

Daar bestaan verskeie begrippe wat nou skakel met kwaliteitsbestuur en wat soms as sinonieme gebruik word, byvoorbeeld kwaliteitskontrole, kwaliteitsbeheer en kwaliteitsversekering. Die doel van die artikel is nie om die werklike verskille tussen hierdie begrippe te bespreek nie maar eerder om aan te dui hoe belangrik dit is om na kwaliteit om te sien en wat die rol van akademië sowel as ondersteuningspersoneel is om sinvolle beplanning te ondersteun.

In 'n vorige artikel in dié nuusbrieff (Februarie 2008) is die noodsaaklikheid van akademiese programmevaluering en die verskil wat dit maak, onder meer uitgelig. Daar is aangetoon dat doelmatige evaluering van prosesse en uitsette bepaalde resultate of data lewer. Hierdie data of resultate word gebruik om die impak te bepaal maar beslis ook vir beplanning met die oog op verbetering.

Hoewel akademië kan argumenteer dat onderrig en navorsing deel vorm van die universiteit se kernbesigheid en dat akademië daarom 'n belangrike rol vervul, is dit onmoontlik om die noodsaaklike rol van ondersteuningsdienste buite rekening te laat.


Ondersteuningsdienste behels alle dienste wat gelewer word ten einde te verseker dat die kernbesigheid van die universiteit voldoen aan die verwagte minimum standaarde vir die kernbesigheid. Ondersteuningsdienste wat gelewer word om die kernbesigheid te ondersteun sluit onder andere die volgende in: Akademiese Ontwikkeling en Ondersteuningsdienste; Studente Stelsels; Akademiese Administrasie; Fisiese Infrastruktuur, Tegniese Dienste; Studente Finansiële Ondersteuning (Beurse en Lenings); Korporatiewe Kommunikasie, Bemaking; Koshuise en voedselvoorsiening; Mensehulpbronne; Taaldirektoraat; Studentedienste (studentedekane); Navorsingsondersteuning; Statistiese Konsultasiediens; Internasionale Kantoor; Inligtingstegnologie; Beskermingsdienste en Elektroniese Dienste, om maar enkeles te noem.

In die Kwaliteitsbeleid van die NWU word onder meer gestel dat self-evaluering fundamenteel deel uitmaak van die kwaliteitsversekeringsstelsel van die NWU. Gevolglik moet rolspelers in die kernbesigheid, soos byvoorbeeld akademiese programmeienaars periodiek hul programme aan interne programmevaluering onderwerp, wat opgevolg kan word deur 'n eksterne programmevaluering of 'n nasionale oorsig deur die Hoëronderwys-kwaliteitskomitee of 'n professionele liggaam (sien diagram). Tydens sodanige evaluering word die toepaslike beleide sowel as prosedures onder die vergrootglas geneem en krities beoordeel. Die meerderheid akademië is waarskynlik reeds vertrouwd hiermee omdat 'n verskeidenheid akademiese programme reeds aan 'n evalueringproses onderwerp is. Dieselfde kan egter nie gesê word van ondersteuningsdienste nie.

Verskeie ondersteuningsdienste is tans besig met die dokumentering van prosesse waarvoor hul verantwoordelik is. Hierdie dokumentering word gedoen in kwaliteitshandleidings waar die kwaliteitsversekering onder meer ook uitgelig word. Soos reeds gestel, lewer dié prosesse 'n produk, 'n diens of beide. Dit gebeur in die meerderheid gevalle dat produkte of bepaalde dienste gelewer moet word aan akademië wat in die kernbesigheid werksaam is. Gevolglik moet dit waarby ondersteuningsdienste betrokke is ook aan evaluering onderwerp word. Hierdie resultate moet primêr gebruik word om die impak te bepaal, wat gevolg word deur doelmatige beplanningstappe met die oog op verbetering.

Net soos wat die selfevaluerings van akademiese programme bepaalde data en resultate lewer, net so ook dié vir ondersteuningsdienste. Om die akademie en ondersteuning bymekaar te bring moet daar gekyk word of die data en resultate met mekaar vergelykbaar is. Om die verduideliking te ondersteun word die volgende praktiese voorbeelde genoem:

Op kampus A is daar bevind dat 4 akademiese programme in fakulteit Z nie oor voldoende personeel beskik nie, nie voldoende lesinglokale het nie en nie die korrekte assesseringspraktyke volg nie. Dieselfde scenario speel af op kampus B in fakulteit Y en in Skool U in fakulteit X op kampus C. Hoewel die leemtes wat geïdentifiseer is bestuursmatig deur die betrokke programmeienaars, skooldirekteure, dekanes en viserektore hanteer word, moet daar vergelykings gemaak word met die data wat vanuit die betrokke ondersteuningseenhede verkry word. So kan ondersoek ingestel word na die bevinding wat gevolg het op die selfevaluering van die diens t.o.v.



Vervolg op bladsy 2

Ondersteuningsdienste en akademiese programme

Vervolg van bladsy 1

die bystand wat die mensehulpbronaafdeling lewer tydens die vulling van vakatures. Die evaluering van die beplanningsproses vir geskikte lesinglokale deur die eenheid vir Fisiese Infrastruktuur kan ook op hierdie wyse ontleed word. Net so ook dié van onvoldoende assesseringspraktyke. Prosesse

behoort dus met "mekaar te praat". Indien dosente nie paslike assesseringspraktyke beoefen nie bestaan die moontlikheid dat dit toegeskryf kan word aan 'n gebrek aan bevoegdheid wat dmv opleiding aandag moet kry. Hier sal beoordeel word of die gepaste ondersteuningseenheid of -diens die paslike hulp verleen al dan nie. Dit is voorwaar 'n komplekse en verweefde netwerk van prosesse en subprosesse.

Elke individu wat vertrou is met hoër onderwys in Suid-Afrika sal saamstem dat gebrekkige hulpbronne waarskynlik die grootste uitdaging is om kwaliteit te verseker. Vir dié doel is dit logies

om te argumenteer dat hulpbronne toegewys moet word waar die grootste risiko's vir die NWU lê. Indien 'n versoek om hulpbrontoekenning nie deur 'n sinvolle evalueringsproses ondersteun word nie sal besluitnemers dit uiters moeilik vind om 'n logiese besluit te kan neem wanneer versoeke vir hulpbronne ontvang word.

Die noodsaaklikheid daarvan dat die selfevalueringsdata van beide die akademie en ondersteuningsdienste gebruik moet word vir sinvolle beplanning en hulpbrontoekenning moet nooit onderskat word nie.

J Jacobsz

NWU se Navorsingsetiek

Navorsingsetiek by die NWU word deur 9 subkomitees geëvalueer. Gedurende 2008 is altesaam 99 aansoeke beoordeel. Vir die 2009 akademiese jaar is altesaam 66 aansoeke reeds beoordeel en hierdie getal sal teen die einde van 2009 groter wees.

As deel van die kwaliteitsverbeteringstruktuur van die Institusionele Departement Navorsingsondersteuning, is 'n werkswinkel oor Navorsingsetiek op 4 Augustus 2009 onder leiding van prof. Minrie Greeff op die Mafikengkampus aangebied. Soortgelyke werksinkels is op 4 September 2009 op die Potchefstroomkampus en op 7 September 2009 op die Vaaldriehoekkampus aangebied.

Die Etiekmodule word op die Navorsingsinligtingsbestuurstelsel (Info-Ed) getoets, en opleiding en werksinkels sal later in 2010 voortgaan. 'n Nuwe webgebaseerde etiekaansoekvorm is vir die tussentydperk ontwikkel en word tans getoets sodat dit teen die einde

van September 2009 in werking gestel kan word.

'n Taakgroep wat deur die NWU Navorsingsetiek-komitee aangestel is, sal die ontwikkeling van 'n kontrolelys vir navorsingskomitees ondersoek wanneer navorsingsvoorstelle geëvalueer word. Die kontrolelys, tesame met maatstawwe wat navorsers sal help om te bepaal wanneer 'n navorsingsvoorstel voorgelê moet

word, sal teen die einde van Oktober 2009 beskikbaar wees.

Navrae oor navorsingsetiek kan gerig word aan me. Marietjie Halgryn, 018 299 4852, Marietjie.Halgryn@nwu.ac.za. Inligting oor navorsingsetiek is ook beskikbaar by <https://intranet.nwu.ac.za/opencms/export/intranet/html/en/in-im-rs/researchethics/index.html>

	2008	2009
Afrika-eenheid vir Transdissiplinêre Gesondheidsnavorsing (AUTHeR)	46	26
Navorsingseenheid vir Geneesmiddelenavorsing en -ontwikkeling	15	7
Eenheid vir Omgewingswetenskappe en -bestuur	1	0
Onderrigleerorganisasies	36	27
Navorsingseenheid vir Reformatoriese Teologie en die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse samelewing	1	0
Workwell: Navorsingseenheid vir Ekonomiese Wetenskappe en bestuur	0	4
Mafikeng, Mens- en Sosiale Wetenskappe	0	1
Vaaldriehoek	0	1
Totaal	99	66

Tabel 1: Navorsingsetiekaansoeke in 2008 en 2009 beoordeel


'n Ontleding van 2008 se Publikasie-uitsette

Die NWU het sy jaarlikse teiken van 460 publikasie-eenhede vir 2008 oortref. Die totale raming vir die 2008-Navorsingsuitset beloop 506.87 artelekwivalente (AE's). Vaktydskrifartikels het uit 92.93% (471.04 AE's), boeke 0.94% (4.78 AE's) en konferensieverrigtinge 6.13% (31.05 AE's) bestaan.

Die NWU het 'n verstommende 45%-toename in joernaaluitsette getoon, van 326.47 in 2005 tot 471.04 in 2008. Voorts het die gemiddelde artelekwivalent per outeur gedaal wat dui op 'n toename in die navorsingspublikasiedeelname en dus 'n beduidende verbreding van ons publikasiebasis. Al drie kampusse het in 2008 betekenisvolle groei ten opsigte van navorsingspublikasie-uitset getoon.

Daar was ook 'n toename in vroulike outeurdeelname. In 2008 het vroulike navorsers 35% van die NWU se artikeluitset gelewer. Dit is hoër as 2007 se nasionale gemiddeld van 22%.

Die nasionale norm het in 2007 getoon dat 10% van alle uitset deur swart outeurs gelewer word (SENWET Verslag1). Die NWU het daarin geslaag om deelname deur



Figuur 1: Verspreiding van NWU-artikelekwivalente, ontleed volgens outeouroldersdomsgroep en jaar

alle rasse te verhoog, sodat 17% van die 2008-artikeluitset deur Afrikane gepubliseer is.

Gedurende 2008 het die kernnavorsingspublikasiegroep by die NWU na die ouderdomsgroep 40-49 verskuif. Ongeveer 30% van artelekwivalente in die Universiteit is deur hierdie groep gelewer. Meer jonger navorsers jonger as 39 jaar het gepubliseer, wat tot die verbreding van die basis kan bydra, maar dit kan ook 'n aanduiding van 'n toename in nagraadse en nadoktorale studentedeelname wees.

Hoewel ongeveer 52% van die vaktydskrifuitset in internasionale vaktydskrifte gepubliseer word, is die twee vaktydskrifte wat voorkeur geniet het albei plaaslike vaktydskrifte en verteenwoordig bykans 10% van die

totale vaktydskrifuitset. Meer as 41% van die totale vaktydskrifuitset word in die 25 mees geselekteerde vaktydskrifte gepubliseer.


Samewerking deur outeurs skyn aan die afneem te wees, aangesien meer as 31% van die vaktydskrifbydraes deur enkelouteurs is. Soos in die SENWET Verslag1 aangedui word, moet die NWU samewerking verbeter ten einde internasionale sigbaarheid te verhoog. Die NWU se navorsingsuitset word steeds deur die Sosiale Wetenskappe en Geesteswetenskappe gedomineer en is verantwoordelik vir 52% van die totale artikeluitset.

Navrae oor navorsingspublikasie-uitset kan gerig word aan Ronel Pieterse, 018 299 4853, Ronel.Pieterse@nwu.ac.za.

Vervolg op bladsy 3

'n Ontleding van 2008 se Publikasie-uitset

Vervolg van bladsy 2



Figuur 2: Breë verspreiding volgens wetenskaplike vakgebied van NWU-artikels, 2008.

HOKK: Oorbrug die gaping

Gedurende die onlangse audit (Maart 2009) van die NWU deur die HOKK, is daar bevind dat talle van die ondervraagdes onbewus was van of swak ingelig was oor Aanvullingsonderrig (AO) en die AO-program van die NWU, hoewel die Instelling op die onderskeie Kampusse vir sy AO-program geloof is. In 'n poging om 'n paar van hierdie gapings te oorbrug, deel die Institusionele eienaar van die AO-program 'n paar feite oor AO.

Oorsig

Aanvullingsonderrig (AO) is 'n portuurgefasileerde akademiese ondersteuningsprogram wat histories moeilike kursusse teiken om studenteprestasie en retensie te verbeter deur gereeldgeskeduleerde buiteklaskamer-hersieningsessies aan te bied. Fakulteite en personeel uit 1 800 instellings in 30 lande is al opgelei om hulle eie programme te implementeer. Die internasionale sentrum vir aanvullingsonderrig het ses nasionale AO-sentrums in Australië, Kanada, Grenada, Suid-Afrika, Swede en die Verenigde Koninkryk. Hierdie afdeling gee 'n kort oorsig en geskiedenis van AO en sluit die volgende onderwerpe in: Die omskrywing en oorsprong van AO; die doel en rasionaal van die program; die deelnemers wat baat vind; en die belanghebbendes wat betrokke is.

Omskrywing:

Aanvullingsonderrig (AO) is 'n akademiese hulpprogram wat van portuurbystandstudiesessies gebruik maak. AO-sessies is gereeldgeskeduleerde, informele hersieningsessies waartydens studente aantekeninge

Info-Ed: Die nuwe Navorsings-inligtingsbestuurstelsel

Info-Ed, die NWU se nuwe Navorsings-inligtingsbestuurstelsel (RIMS) word in November 2009 met die implementering van die Navorsingsuitsetmodule bekendgestel. Hierdie module is een van talle modules wat onder andere deur die NWU gebruik en geïmplementeer sal word.

Ander modules wat ook geïmplementeer sal word, is Genius, Etiek, Tegnologie-oordrag, Toelaes en Kontrakte en SPIN. SPIN is 'n webgebaseerde databasis waar toelaes op internasionale vlak gesoek kan word.

Die Navorsingsuitsetmodule sal gebruikers – met ander woorde, navorsingseentiteitebeampptes, navorsingseentiteiteleiers/ direkteure, dekanes en

navorsers – in staat stel om die publikasie-uitset van hulle bepaalde entiteit vas te lê en ook om die nodige verslagdoening te genereer.

Die onderskeie Info-Ed-modules word tans vir Suid-Afrikaanse gebruikers aangepas en getoets deur die Suid-Afrikaanse RIMS-konsortium, bestaande uit sewe instellings wat die leiding neem. Die NWU is trots om een van hierdie instellings te wees. Sodra die Konsortium die ander modules afgehandel het, sal dit by die NWU in werking gestel word.

Vir navrae oor die Info-Ed-stelsel, kontak Teresa Smit, 018 299 4853, Teresa.Smit@nwu.ac.za, of Ronel Pieterse, 018 299 4853, Ronel.Pieterse@nwu.ac.za.

vergelyk, leeswerk bespreek, organisatoriese hulpmiddels ontwikkel, en toetsitems voorspel. Studente leer hoe om te kursusinhoud en studievaaardighede te integreer terwyl hulle saamwerk. Die sessies word gefasiliteer deur 'AO-leiers', studente wat voorheen goed gevaar het in die kursus en alle klaslesings bywoon, aantekeninge maak, en as modelstudente optree.

Doel:

om retensie binne geteikende histories moeilike kursusse te verhoog

om studente se punte in geteikende histories moeilike kursusse te verbeter

om die graadverwerwingsyfers van studente te verhoog

Deelnemers:

AO is 'n 'gratis diens' wat aan alle studente in 'n geteikende kursus gebied word. AO is 'n nieraedmediërende benadering tot leer aangesien die program hoërisiko-kursusse eerder as hoërisiko-studente teiken. Alle studente word aangemoedig om AO-sessies by te woon, aangesien dit 'n vrywillige program is. Studente met wisselende vlakke van akademiese gereedheid en uiteenlopende etnisiteite neem deel. Daar is geen remediërende stigma aan AO verbonde nie, aangesien die program hoërisiko-kursusse eerder as hoërisiko-studente teiken.

Hoe AO werk: Die AO-model betrek sleutelpersone

Die AO-koördineerder is 'n opgeleide kundige wat die geteikende kursusse moet identifiseer, fakulteitsteun moet werf, AO-leiers moet uitsoek en oplei, en die program ook deurlopend moet bemark en evalueer.

Die fakulteitslede van die geïdentifiseerde histories moeilike kursusse nooi en ondersteun AO. Fakulteitslede sif AO-leiers vir inhoudbevoegdheid en bevestig keuses en werk ook op 'n gereelde grondslag saam met die AO-leiers en die Koördineerder.

Die AO-leiers ('vertroude porture') is studente wat as kursusbevoeg beskou word en deur die kursusinstrukteur en die AO-koördineerder goedgekeur is. Hulle word in proaktiewe leer en studiestrategieë

asook fasiliteringsvaardighede opgelei. AO-leiers woon kursuslesings by, maak aantekeninge, lees alle toegewese materiaal, en hou drie tot vyf buiteklaskamer-AO-sessies per week. Die AO-leier is die 'modelstudent', 'n fasiliteerder wat studente help om kursusinhoud en leerstrategieë te integreer.

Studente wat aan die AO-sessies deelneem, is, hoewel hulle laaste genoem word, die noodsaaklikste komponent van AO. AO word aan spesifieke histories moeilike kursusse bekendgestel. Hierdie kursusse is dikwels inleidende of 'hekwagterkursusse', maar sluit ook boonstevlak voorgraadse kursusse en kursusse in professionele skole in.

Gebeurtenis 2009: FOKUS op AO-week (5-9 Oktober)

Die Uitvoerende Direkteur van die internasionale kantoor, dr. Glen Jacobs en 'n kollega me. Cathy Unite-Clarke het die onderskeie Kampusse gedurende die week 5 tot 9 Oktober 2009 besoek. Gedurende hierdie week is alle Akademiese en ondersteuningpersoneel genooi om inligtingsessies op die onderskeie Kampusse op verskillende dae en verskillende tye by te woon. Daar was geleentheid vir dosente op elke Kampus, wat voorheen as AO-opleiers opgelei is, om 'n Gevorderde Opleierswerkwinkel by te woon. Persoonlike uitnodigings is gestuur aan diegene in November 2008 en September 2009 opgelei is.

M Kloppe



Gemeenskapsbetrokkenheid met korporatiewe maatskaplike investering (KMI) in ooreenstemming gebring

Die NWU se visie is om 'n uitnemende universiteit in Afrika te wees, aangedryf deur die nastrewing van kennis en innovasie. Die drie besigheidsgebiede van die Universiteit is onderrig-leer; navorsing; en die implementering van kundigheid, insluitende gemeenskapsbetrokkenheid. Binne die raamwerk van die visie, is hierdie implementering van kundigheid op Afrika gefokus, omdat ons in die Afrika-vasteland en sy mense veranker is. Dit vereis 'n toegewyde verbintenis, een wat ons waardes en doelwitte uitdaag om werklik transformasie te verseker wat in ons plaaslike en openbare betrokkenheid weerspieël word.

Belangegroep van universiteite verwag dat universiteite, as openbare instellings, deur middel van gemeenskapsuitreikprogramme of gemeenskapbetrokkenheidsprojekte by hulle omgewing betrokke moet raak. Gemeenskapsbetrokkenheid word omskryf as daardie aktiwiteite wat deur die personeel en studente van die universiteit beoefen word en hoofsaaklik gemik is op die opheffing van behoeftige sektore van die samelewing en/of individue wat hulp of betrokkenheid nodig het. Die primêre doel is die ontwikkeling, ondersteuning en opheffing van die samelewing. Die Universiteitsgemeenskap wil, uit hoofde van sy kundigheid en betrokkenheid by die samelewing, as 'n mense-ontwikkelingsagent optree. Hoewel hierdie aktiwiteite dikwels deur fondsinsamelingsveldtogte en die implementering van kundigheid gekenmerk word, behels dit normaalweg minimale bedrae vir direkte projekkoste en word dit op 'n niekommersiële grondslag bedryf.

Korporatiewe Maatskaplike Investering (KMI) is 'n konsep waardeur organisasies die belange van die samelewing oorweeg deur verantwoordelikheid vir die uitwerking van hulle aktiwiteite op klante, verskaffers, werknemers, aandeelhouders, gemeenskappe en ander belangegroep, asook die omgewing te neem. Hierdie verpligting word geag verder te strek as die statutêre verpligting om aan wetgewing te voldoen en sien toe dat organisasies vrywilliglik verdere stappe doen om in die verbetering van die lewensgehalte van werknemers en hulle families, asook die plaaslike gemeenskap en die breër samelewing te investeer. Dit sluit algehele verantwoordbaarheid met betrekking tot die driedubbele minimum vereiste in. Korporatiewe Maatskaplike

Investering (KMI) verwys na 'n maatskappy se bydraes tot die samelewing en die gemeenskap, wat buite sy gereelde besigheidsaktiwiteite val. Voorstanders voer aan dat daar 'n sterk besigheidsaak vir KMI is, deurdat korporasies op vele maniere voordeel trek deur met 'n breër en langer perspektief as hulle onmiddellike, korttermynwinste te werk.

Korporatiewe Maatskaplike Verantwoordelikheid (KMV) word omskryf as besigheidsbesluitneming gekoppel aan etiese waardes, nakoming van regsvereistes en respek vir mense, gemeenskappe en die omgewing.

'n Uitsers belangrike grondslag vir KMI is die begrip korporatiewe burgerskap in sy omskrywing. 'n Goeie korporatiewe burger ('n verantwoordelike een) is 'n persoon/entiteit wat omvattende waardes en praktyke navolg wat hierdie burger in staat stel om besluite te neem en besigheidsbedrywighede eties te beoefen, regsvereistes na te kom en sorgsaamheid teenoor die samelewing, gemeenskappe en die omgewing te toon. Maatskappye (en universiteite ook wat dit aanbetref) kan nie verwag om trefkrag in die breër samelewing te hê indien daar nie 'n korporatiewe waardesisteem in die maatskappy is nie.

Om 'n maatskaplike impak te maak, vereis 'n ingewikkelde netwerk van deelnemers, insluitend direktediens-organisasies, belangegroep en hulpbronne (openbaar, privaat of albei) van wie hulle befondsing ontvang. Beleggings en toelaes hou die stelsel van gemeenskapsbetrokkenheid en -ontwikkeling aan die gang, en stigtings en skenkers het almal hulle eie strategieë en doelwitte met uitdruklike mylpale en die ontvangers is aan die genade daarvan onderhewig. Ontvangers is selde in 'n posisie om aggressief met potensiele bydraers te onderhandel. Hulle moet dikwels welke bepalinge en voorwaardes aanvaar wat die groot bydraers ook al oël, ongeag hoe duur en ontwrigtend dit kan wees. Dit is iets waarby talle van ons by universiteite ons moet neerlê, nie net in navorsing nie, maar ook in gemeenskapsontwikkeling.

'n Kort historiese oorsig

Die dekades voor demokrasie is gekenmerk deur 'n 'welsyn' styl van korporatiewe geëry wat deur 'n groter bewussyn van korporatiewe maatskaplike

verantwoordelikheid wêreldwyd en politieke opstand vir verandering beïnvloed is. Korporatiewe geeprogramme het vir 'verdienselike sake' voorsiening gemaak, kontantskenkings gemaak, en op insette eerder as uitsette gefokus.

Na die 1994-verkiezings het strawwe herstrukturering, nuwe beleid, instellings en strukture die verhouding tussen die burgerlike samelewing, die Staat en besigheid vervang. Die retoriek het begin verskuif vanaf 'n 'welsyn' na 'n ontwikkelingsparadigma wat talle veranderings in die dinamika van maatskaplike geëry geïnisieer het. Verskeie nuwe agentskappe het na vore getree met die doel om die burgerlike samelewing in Suid-Afrika op te bou en staande te hou. 'n Groot deel van die finansiële steun het van buitelandse regerings gekom wat ons jong demokrasie wou bou. Bilaterale bystand het 'n beduidende bydrae tot ontwikkeling in Suid-Afrika gelewer. Tussen 2001 en 2006 het die regering van die Verenigde State byvoorbeeld MIV /vigsprogramme ten bedrae van R900 miljoen befonds. Dit is gevolg deur 'n herposisionering van die nuwingsgewende sektor. Deur sy groeiende verhouding met die privaat sektor, kon die regering bykomende befondsing bekom en toegang tot belangrike vaardighede en kundigheid verkry om op dié wyse die openbare sektor se kapasiteit te verhoog en die geleentheid te benut om beleid in praktyk te omskep.

Een van die beduidendste verskuiwings was die idee van die driedubbele essensie wat in 2002 by wyse van die King-verslag oor Korporatiewe Bestuur deel van die hoofstroomdenke geword het. Dit was 'n belangrike ontwikkeling vir KMI, want die status van KMI as 'n noodsaaklike besigheidsfunksie was nie meer in gedrang nie.

Suid-Afrika is die enigste land ter wêreld waar KMI by wyse van wetgewing, soos die telkaart van breëbasis swart ekonomiese bemagtiging (BBSEB), gekodifiseer is. KMI het 'n formele bydraer tot maatskaplike verandering en 'n professionele sektor in eie reg geword. Korporatiewe maatskaplike investering is tans 'n professionele en strategiese onderneming wat besigheids en regeringsprioriteite op een lyn stel.

Lees in die volgende uitgawe van Quality wat dit is wat befondsing vir gemeenskapsbetrokkenheid beveilig.

B Bouwman

Kwaliteitskantoor sê totsiens aan prof. Es Steyn

Prof. Es Steyn verlaat die voltydse diens van die NWU na 24 jaar. Sy was vir byna 21 jaar aan die Fakulteit Opvoedingswetenskappe op die Potchefstroomkampus verbonde. Die afgelope paar jaar het sy in die Institusionele Kwaliteitskantoor gewerk en onder andere met die voorbereiding vir die HOKK-oudit gehelp.

Sy en haar man, mnr. Willem Steyn, 'n bekende prokureur in Potchefstroom, verlaat die dorp om in

Parkrand op die Oos-Rand te gaan woon. Hulle sien daarna uit om meer tyd saam met hulle 6 kleindogters deur te bring.

Prof. Steyn se opvoedkundige kundigheid is egter nie verlore nie. Sy gaan 'n naskoolsentrum open waar verskeie dienste, insluitend remediërende onderwys, aangebied gaan word.

Die Institusionele Kwaliteitskantoor wens haar en haar familie net die beste toe vir die pad vorentoe.

